

WINTER NUUSBRIEF 2022



INVIA
STELLENBOSCH

VOORWOORD:

Dit voel vir my of die somers al hoe langer word. Ek bly nou al 21 jaar in Stellenbosch en Mei 2022 loop loshande voor as die warmste maand! Dit is nou Junie en hierdie week is 6 uit die 7 dae meer as 20°C!

Na al die maande en weke waarmee Covid ons ingeperk het, is dit lekker om langer buite te wees en iets weer opnuut te waardeer van die skepping en mense om ons.

Maar, die winter kom...

Ons moet die somers ook groet. Die winter is God se manier om sekere patrone en ritmes te breek en herstel te bring. Herfs vra ons om iets te laat gaan, sodat dit kan plek maak vir iets nuuts wat God in ons lewe wil doen.

Stilte help ons met hierdie reis.


Met minder beweging, minder spoed, en binne wag kan ons beter sien wat die winter van ons vra.

Die donker en koue is ongemaklik, maar dit is die broeikas van die Heilige Gees. Dit is waar ons groei, al voel dit nie so nie. Daar vind nuwe geboortes plaas wat nooit in die somer kan gebeur nie.

Wanneer die winter haar gawe aan jou gee sal jy beaam wat NP van Wyk Louw in sy gedig Winter vra:

"...hoe kon ek dink dat somer ryker is as hierdie groei se stit geheimenis?"

Liefde Theo



IN ONDERSKEID:

Lang Onderskeidingstydperk:

In Maart en Mei maand het InVia twee geleenthede geskep vir 'n 10 dag onderskeidingstydperk.

'n Onderskeidingstydperk gaan oor die reis na binne waar ek nie net met die kop nie, maar ook met my hart die landskap van my siel ondersoek, om beter te verstaan WIE EK IS en WAARVOOR die Here my roep.

Die 10 dag proses het die volgende behels: 5 dae oriëntering, 4 dae vas en gebed in afsondering op jou solo, en 2 dae waar die ervarings geïntegreer word.

Ons is dankbaar vir diegene wie die reis kon meemaak.

'n Paar gedeelde ervarings:

Dit was sowaar 'n voorreg om die Onderskeidingstydperk van 13-22 Mei 2022 te kon bywoon onder die leiding van Ds. Geyser en Simon (die eienaar van Umami in Franschhoek).

Ten spyte van my aanvanklike senuweeagtige opgewondenheid oor wat die onderskeidingstydperk sou inhou, gemeng met 'n knippie skeptisisme, was ek aangenaam verras deur die mees egte meedeling van lewensgebeurtenisse, sake van die hart en ander knelpunte wat ek nog teëgekom het in groepsverband.

Die groepsbesprekings het gedien as wonderlike voorbereiding vir die 4 dag "solo" wat 'n absolute onvergeetliklike ondervinding was.



Na 4 dae se vas, met slegs water, het ek teen die berg afgekom met nuwe insig en perspektief wat my lewensuitkyk verander het (*for the better*).

Umami sal my weer sien in die toekoms!

Charles Mills


Die 10 dae onderskeidingstydperk op Umami was vir my 'n kosbare reis na binne – 'n stuk heiligs kennis wat nie sommer in woorde uitgedruk kan word nie. Die manier waarop Simon en Theo die groep so in ons sirkel in die bos, begelei het, het my so goed voorberei vir die vier dae alleen op die berg. En alles waarvoor ek vooraf bang was – die donker, die honger – was eintlik so onnodig, onbenullig. “Ek slaan my oë op na die berge” het vir my 'n werklikheid geword. Om tyd te hê om net te wees - heeldag lank eers die eerste lig, dan volson, laaste lig en later die maanlig te sien skaduwees gooi oor die alomteenwoordige, majestieuse Franschhoekberge.



In afsondering en stilte het ek God op 'n nuwe manier, helder en duidelik beleef. Om so in die natuur, gestroop van alles wat my aandag aftrek, te kon leef, was bevrydend, vol nuwe insigte. Ook die empatie en meelewing van 'n klein groepie wildvreemde mense wat hulle harte oopmaak en weerloos staan, het aan my hart geruk en weer herinner dat ek met sagte oë na ander moet kyk. Daar het soveel dinge vir my duideliker geword, ek het 'n diep vrede, heling en 'n manier van ligter leef, ervaar. Ek sal vir altyd 'n stuk daarvan saamdra in my hart.



Zahn





Die Quest-ervaring was 'n geleentheid om stil te staan van die alledaagse dinge en net weer kans te kry om my hart, verstand en gees saam te laat beweeg op God se melodie en ritme vir my lewe.

Ek is so bly dat die Gees my gelei het om so 'n ervaring te deel met ander gelowiges in 'n kring.

Nuwe kosbare bande is gevorm.

Francois Lessing

Vir 'n begin, dankie vir die voorreg vir 'n Enneagram 5 om na sy '8' toe te gaan en uit die 'headspace' te sak in die hart, uit die grot te kruip en my gedagtes op 'n verhoog staan te maak.

Daarom was dit inderdaad vir my 'n onder-skeid-(leid/ly)ings-tyd. Om te laat gaan, ondertoe te sak, leiding van my hart te aanvaar ten spyte van die lyding daarvan. En gits! – wat 'n geskenk!!

Die geskenk sou nie dieselfde gewees het sonder Wilma se getrouheid deur die aanbieding van die Enneagram wat Elizabeth en ek vooraf kon bywoon nie. Sjoewat 'n bonus!



Wilm

Gedigte met ervarings:

Solo

**Alleen in heen,
een met Al Een,
heelál,
geheel en al
helend Al in een.**

'Solo' het so vinnig gekom en moes ek blitsig neerpen om my verstand voor te spring. Die karikatuuragtige miniatuur 'bidsprinkaantjie' met sy skermboks voelertjies teen die boomstam by die middel van die drie dekke in die klofie – was die 'trigger'.

**Een in een,
en een in Een,
EEN**

Ek was oorweldig deur die wete en bewuswording van die paradoks van een wees – onderskeibaar maar nie skeidbaar nie. Om 'te solo' is om EEN te word. Aan EEN al die eer.

sol(o) Deo gloria



Hartsgedagtes

**Verwaaide gedagtes,
nag-na-nag
motbesprinkel breek die dag,
deur klipwagter en bontrokkie skertsend
ingewag.**

**Langsaam neem die son sy loop
met bobbejaan wat op Sy gawes hoop.**

**Wie is ék om te verstaan
die taal van berg, blom en 'n koggel
maan?**

My bewuswording van die deure van my hart wat oopgewaai is deur die God se beweging en Sy openbaring deur die natuur - die wind, misreën, voëls, akkedisse, koggelmanders en die maan, die bobbejaan en myself as 'n bobbejaan. Dit was in hierdie ontneming wat ek tuisgekom het in my hart – Sy hart.

**Slegs die nag en hart begryp
wat helder verstand ontwyk -
hartsgedagtes.**

Wium

Die onderskeidingstydperk is ingebed in die misterie van oeroue wyskede wat planmatig in my gees geanker is. Binne-in die misterie het onsigbare metamorfoses in my gees gebeur. Ek kan nie my hand daarop lê nie - dit is buite my bereik.

Ek het vrae gehad - ek het dit in die Universum geplaas. In die solo het die vrae hulself geantwoord - ek het soms net toegekyk en ingeluister. En gepyn.

En laat gaan wat my laat pyn het.

"True solitude is found in the wild places, where one is without human obligation. One's inner voices become audible... In consequence, one responds more clearly to other lives."

Wendell Berry

Dit wat ek ervaar het was "otherwordly" en "profound". Dit is moeilik om in woorde te beskryf. Wat ek wel kan noem is dat indien dit op jou hart is om op 'n onderskeidingstydperk te gaan, wil ek jou aanmoedig om dit te doen.

Ek kon nie vir myself 'n beter geskenk gee nie.

Theodor Arndt

Die natuur het my gesalf - ek het als geneem wat Sy vir my gebring het. Haar ritmes, haar trane, haar warmte, haar onherbergzaamheid, haar kilheid, haar donker. Ek het sy geword. Ek het my laat mee-sleur. My liggaam het op haar gereageer en ek het my binne-stem... my hart-stem teruggekry.

Die onderskeidingstydperk het medemense op my pad gesit. Ek is dankbaar vir Simon en vir Theo en vir die 8 medereisigers se stories en trane en insig en fyn luistervaardighede.

Elizabeth



Indien jy belangstel in
Onderskeidingstydperke, kontak
gerus inviagemeente@gmail.com

KURSUSSE:

Enneagram 1.0

Vir baie lank al is daar iets wat ek oor myself glo wat my kom beroof van 'n vervulde lewe. Dit het 'n verskuilde inperking van my lewe geword. Amper soos 'n voël sonder vlerke...

Op die 4 dag-reis met die Enneagram is hierdie leuen ontbloeit en kon ek hard en duidelik hoor:

*"Jy is genoeg! Jy is MEER as genoeg!
Wat jy bring is nodig vir hierdie wêreld!"*

Ek kon dit nie net hoor nie, maar weet nou my siel wil elke dag KIES om dit te glo!!



Ek het tot die besef gekom dat wie ek is, my nie terughou in die lewe nie, maar wel dit wat ek dink ek nie is nie.

Baie dankie Wilma!! Jy het 'n manier waarop jy veiligheid en gemak skep wat hierdie "soul journey" moontlik maak. Die praktiese wyse waarop jou kennis van die Enneagram op 'n daaglikse basis jou persoonlike lewe verryk is 'n groot inspirasie. Jy maak dit pret om te waag en breek die skatkis van vry-wees oop!!!

Daar's wel een ding waaroor ek spyt is - dat ek nie al laaaaaankal die kursus gedoen het nie.

Petro





Dit voel vir my asof iemand vir my 'n sleutel gegee het. Hierdie is 'n *powerful* sleutel, een tot die *core* van myself en my potensiaal, asook my verbintenis met die heelal, *universe* en God. Wat ek daarmee maak, is my keuse; ek vermoed daar is werk om te doen (hehe) en dit maak dat ek uitsien na my lewe wat raak-raak aan die 60-er jare. Ek vertel vir ALMAL van die kursus.

Hennie

Indien jy belangstel om die volgende Enneagram kursus by te woon, kontak gerus wilmageyser@gmail.com

"Your vision will become clear only when you can look into your own heart.
He who looks outside,
dreams;
He who looks inside,
awakes."

Carl Jung

Vir meer inligting, besoek www.invia.org.za/kursusse



KURSUSSE:

Enneagram vir JONG MENSE

Tot dusver is die Enneagram slegs vir volwassenes aangebied. Maar na ons Ouerskap & Enneagram-kursus saam Uranio Paez en Beatrice Chesnut waarin hulle onderhoude voer met tieners en studente oor hulle nommer en hul innerlike patroon, het ons die waarde besef as jy van jongs af al jouself beter verstaan. Dit bring soveel verligting en vryheid om te besef hoekom ek anders is as ander jongmense, en dat daar niks verkeerd is met my of enige iemand nie - dit is slegs my patroon. Ons het met 'n groepie studente en tieners 'n verkorte Enneagram-kursus gedoen om vir hulle die basiese persoonlikheidstipes te verduidelik.

Wilma



Daar is hierdie een David Bowie liedjie wat sê **"I'm sinking in the quicksand of my thoughts"** en dit is presies hoe ek al vir so lank soos wat ek kan onthou, gevoel het. Alhoewel ek nie altyd geweet hoekom ek so gevoel het nie, weet ek beslis nou. Na jare van my ma se "yapping" dat ek 'n nommer 5 is, kan ek ook nou self sonder enige twyfel met my ma saamstem.


"The goal of adolescence is the establishment of a clear and stable sense of self."
- Eric Erikson



Die Enneagram vir Jongmense het vir my baie beteken, want nie net het ek meer oor myself uitgevind nie, maar ook oor ander en hoe om empaties teenoor die mense rondom my op te tree. Ek dink die kursus is iets wat almal in hulle lewe moet doen, en ek sal dit definitief vir enigiemand aanraai!

Morkel 10.

Die Enneagram vir jongmense het my so baie geleer van myself, maar die meeste van al, is dat dit my herinner het om heeldyd nuuskierig te bly oor wie mens is en om nie op te hou om jouself te probeer vind nie. Dit is 'n wonderlike ervaring, soms uitdagend om jouself te vind, en die Enneagram het definitief gehelp en dit is asof my lewe ewe skielik bietjie meer sin maak as voorheen.



Hey! You DO have a point !

Ek kan eindelijk rus in die feit dat ons almal verskillend is, en dit 'n voorreg is om te kan wees wie jy is, nes God jou geskape het. Dit is 'n lewenslange journey, en ek sien uit vir wat kom.

Carla

**"RIVERS KNOW THIS:
THERE IS NO HURRY.
WE SHALL GET THERE
SOMEDAY."
- WINNIE THE POOH**

My ervaring van die Enneagram was fantasties. Dit is 'n baie nuttige program as jy onseker is oor die redes hoekom jy optree soos jy doen. Ek het baie meer oor myself en baie van die mense na aan my geleer. Dit het my ook gehelp om dinge meer van iemand anders se perspektief te sien voor ek hulle beoordeel of slegsê.

Dit is ook 'n groot voordeel vir wanneer jy jouself moet voorstel - dan weet jy meer van jouself. Ek dink persoonlik almal moet van jongs af die kursus doen om jouself en ander mense beter te verstaan.

Desny



**Vir meer inligting, besoek
www.invia.org.za/kursusse**



KURSUSSE:

Living as Love RETREAT

Dit gaan my verstand te bowe... hoe 'n retreat my so kan ooprek en oopstrek. Living as Love se inhoud het 'n manier om in hart, lyf en kop skuiwe te maak. En boonop stap die groep wat hierdie retreat bygewoon het almal 'n pad met mekaar.

Ek is van voor af bewus hoe belangrik die loop van 3 dae vir 'n retreat is, om te marinear in die inhoud, mekaar se teenwoordigheid en vir 'n ruk alle afleidings neer te sit. En OP DIESELFDE TYD hoeveel kan skuif in slegs drie dae in my innerlike landskap.

My dankbaarheid gaan uit vir hoe Wilma hierdie naweek aanmekaar gevleg het! Ek los die uitnodiging by elkeen - as jou pad kruis met Living as Love - die *ripple effect* van hierdie inhoud is enorm. Dit breek jou hart oop vir Liefde - nie net vir 'n VERSTAAN nie, maar vir 'n diepe ervaring en openheid... *even in the messiness of life. Especially in the messiness of this life.*

Carmen



belong

I belong in love.
Love belongs in me.
Together,
we belong.





a message from love

Give up your attachment to fear.
 Give up your attachment to being right.
 Give up your attachment and identification
 with your wound.
 Give up your desire to hurt the other person.

Choose love in the face of judgement.
 Choose love when you are ignored.
 Choose love when your wound is triggered.
 Choose to love your wound.

Fall in love with love.

Renier

Ek kan Living as Love uit my hart uit vir enige een aanbeveel, maak nie saak waar jy op jou geloofs- of ongeloofsreis is nie. Alhoewel dit een van die 'tough'ste kursusse is wat ek nog by Invia gedoen het, was dit by verre ook die mees belowendste. In die 8 weke moes ek deur baie van my eie frustrasies en irritasies werk, en wat die naweek se Retreat so mooi vir my bymekaar gekom het, is hoe al my irritasies en frustrasies en stories van hoe dinge moet wees, my oordele oor myself en ander mense, dat al hierdie dinge uit die ego uitkom, uit 'n plek van vrees. En baie spesifiek: hoe dit die vloei van liefde in my lewe blok.

Wanneer ek begin ophou vashou aan my verknogtheid aan my eie idees en my patrone, hoe die lewe net begin vloei! Die uitnodiging aan myself en almal, om meer te ontspan in hierdie liefde wat elke sel en elke molekule van ons kosmos bymekaar hou. Baie liefde.

#LIVINGASLOVE



Ek loop nou al 'n geruime tydjie met die Enneagram en ek is elke keer so opreg dankbaar watter rol dit in my reis van innerlike transformasie speel. Die 'Living as Love' reeks het weereens my laat stilstaan by die woord 'Liefde'.

Die naweek het die spasie geskep dat ek my 'core wound' in die oë moes kyk en besef dat ek so besig is met 'doing life' maar het vergeet van 'pure life energy, the force of sheer aliveness'.

Mantras:

Trust in the love
that is already here.

Die retreat het my weer gehelp om te "re-align."

Ek was herinner dat liefde bestaan reeds en is beskikbaar, ek hoef niks te doen om dit te kry of te maak nie. Ek was weer herinner hoe ek IN Liefde is.

Die kursus en die naweek nooi my uit om met groot liefde en kindness te kyk na myself en ander.

Gary Zukav se woorde, **"The choice that frees or imprisons us is the choice of love or fear. Love liberates. Fear imprisons."** neem ek nou met my saam, tot die volgende keer. Dankie Wilma!

Anna-Lize



Hierdie geleentheid saam met mense in gemeenskap het my lewe verander! Ek voel dat ek elke keer bietjie meer *courage* het om myself te wees, bietjies bietjies minder ego behoeftes.

Melissa

Daar sal weer in 2023 'n Living as Love-kursus aangebied word (vir die wie alreeds die Enneagram 1.0 kursus voltooi het).

Love is unconditional.

Otherwise, it is not love.

I love you because I love you without a because.

I love you for no reason because love needs no reason.

I don't love you if or when, and I don't love you now and then.

I love you always without a finish or a start.

I love you from the bottom of my heart

and from the middle to the top.

Love is constant and it will never stop.

Love is always love through all the ups and downs.

Love is not found wanting anything.

This love is not mine to give or take.

I didn't make it and there's nothing that can break it.

Love is not dependent on how the story goes.

Love is what love knows and it is forever faithful unto itself."

Robert Holden

#LIVINGASLOVE

IN OORGANG:

Terugvoer oor die #Adulting lewensoorgang

Volwassenheid behels al hoe meer onvoorspelbaarheid. Die hoeveelheid verhoudings en verantwoordelikhede wat meeding vir ons aandag word ook meer. Ons is nie toegerus om die konstante verandering te hanteer nie, en ons moet besluite neem met onvolledige inligting. In Adulting 101 bied Theo en Francois vir ons 'n padkaart en 'n stel gereedskap om hierdie probleem op te los. Ons leer verskeie metodes om toegang te kry tot die geestelike hulpbronne waarmee ons almal geseën is, en hoe hulle aangewend kan word in en rondom ons.

Tabitha



Indien jy belangstel om volgende jaar saam te reis deur hierdie lewensoorgang, kontak gerus francoisvdmerwe@me.com

"Before I can tell my life what I want to do with it, I must listen to my life telling me who I am."

- Parker Palmer

When I entered my 30's I had finally begun to feel a vague sense of direction and, largely by intuition, I have been stumbling blindly in search of a route to follow ever since. But the forest is dense, and I've had more false starts than I would care to mention, it's been difficult to hold onto the hope that all this struggle will lead somewhere. Adulting 101 has given me road signs - wise and true guidance that has not only renewed my energy for this journey I'm on, but has also been providing me with tools to build a clearer path ahead for myself.

Vizchelle

**Vir meer inligting, besoek
www.invia.org.za/adulting-101**

WYSE GRYSSES:

LEEF TYD | LIFE TIME Video Podcast

Na etlike jare van betrokkenheid by InVia, is ek al die wonderlikste geleenthede gegun vir persoonlike en geestelike groei.

Die laaste paar maande het ek deel geword van wat Theo die Wyse Gryses noem. 'n Klein groepie van ons het begin gesels en besin oor die lewensorgang waarin ons nou is. Noem dit herfs, noem dit winter - ons word ouer.

Wat begin het as 'n besprekingsgroep, het my so begeester, dat dit 'n persoonlike reis geword het. Ek het begin om onderhoude te voer met ouer mense om by hulle te hoor hoe hulle die verouderingsproses ervaar en hanteer. Die idee is om te wys hoe positief en kreatief hierdie lewensorgang kan wees, veral in 'n kultuur en gemeenskap wat soveel klem plaas op jonkwees, onsterflikheid en die najaag van genot, en wat mense aanmoedig om veroudering te ontken en uit te daag.

Ounin



**Episodes is beskikbaar op
ons Youtube Kanaal**

**Vir refleksie notas, besoek gerus
www.invia.org.za/leeftyd-lifetime**



Met die reeks onderhoude wat een maal per maand uitgesaai word op InVia se YouTube-kanaal, en beskikbaar is as 'n potgooi op die InVia-webwerf, hoop ons om 'n gesprek met die breër gemeenskap aan die gang te sit oor hoe om veroudering te omhels ("embrace") as 'n sinvolle, betekenisvolle en krities-belangrike lewensfase.

Ons noem dit LIFE TIME | LEEF-TYD. Kyk uit vir onderhoude met o.a. Prof. Willie Esterhuyse, Dr. Denise Ackermann, Trevor Hudson en Tim du Plessis.


Dankie, Theo en span, vir die spasies wat julle skep wat, in hierdie geval, my so besiel en geïnspireer het dat ek nie anders kon as om die projek aan te pak nie. Carmen en Francois, sonder julle was hierdie ontmoetlik. Ek is bevoorreg en geëerd om saam met julle te reis.



BOEKKLUB:

TUSSEN DIE LYNE

Die boekklub het onlangs Soulful Spirituality van David Benner gelees. Hier is terugvoer van die ervaring:



Dit was weereens 'n groot voorreg om saam met andere te kon proe aan 'n boek soos Soulful Spirituality van David Benner. Die woorde was werklik voedsel vir die siel.

Die Skrywer het die gawe om deur lae te breek en "lyne" te strek wat my gelei het tot groter insig en verstaan van my eie spiritualiteit as Christen. Vir my was die inligting lewensveranderend en transformerend van aard. Om God te ken moet ek ook myself ken en om myself te ken moet ek God ken.

Daar is soms 'n diskonneksie of 'n verdeling wat voorgehou word in godsdiens. God is in alles en dit is deur die Gees wat wat ware lewe in Christus wakker gemaak en beleef word.

Ek is dankbaar vir die kontemplatiewe materiaal wat bespreek kon word in gemeenskap saam met andere. Dit is hierdie saam lees, praat en besin wat mens in 'n veilige spasie God se onvoorwaardelike liefde en teenwoordigheid ervaar wat alle verstand te bowe gaan en innerlike vrede bring. Ek sien uit na nog baie boeke lees saam met andere.

'n Indruk oor Soulful Spirituality...

Alesta

Die outeur David Benner is 'n sielkundige en het in 2011 Soulful Spirituality - Becoming Fully Alive and Deeply Human geskryf in soeke na antwoorde vir die Christen gelowige se brandende lewensbegeerte en verlange na God - en of wat impliseer en vra volledige Christen-wees.

Benner onderskei 'wees' (being) en 'in wording' (becoming), en ontleed en beskryf die dinamiese proses en spiritualiteit wat lei tot 'Becoming Fully Alive and Deeply Human'.

Spiritualiteit se doel is 'n eenwording met God se wens vir die mens - 'n eenwording met Hom deur ten volle mens te wees en te word. Eenwording vra 'n tweeledige reis, nie die een of ander nie, beide - ek as mens op 'n spirituele reis, en ek as spirituele wese op 'n menslike reis.

Soulful Spirituality beskryf die weg na en in Fully Human - die uitnodiging, uitdagings, die diepste gerigtheid van die menslike begeerte, die mensewees toestand, siel en gees, die rol van godsdiens, en die plek en integrasie van die menslike liggaam, alles ingeweef in spiritualiteit.

Vir my was die ontdekking van die kosbaarheid van my fisiese liggaam, die houer waarsonder ek nie volledig spiritueel en dus *Fully Alive and Deeply Human* kan wees nie - 'n kopskuif. Hierdie verfrissende blik ervaar ek bevrydend, en ook as 'n uitdaging en groei-geleentheid op my mens-spirituele reis.

Soulful Spirituality is ongeveer 180 bladsye lank. Hierdie boek het my reeds langer as 'n maand beet. Elke hoofstuk sluit af met oordenking- en toepassingsvrae. Daarom, hou sommer van die begin af 'n skryfding en highlighters byderhand.


Ek is opnuut herinner - ek is God se projek, ek is Sy saak van vernuwung, herstel en transformasie.

Wie is ek om te dink ek wil of kan Hom keer? 'n Ontmoet van geen moete, in verwondering met geheel en al oop hande en hart van die realiteit, met 'n asem in die nou en uit in oorgee is 'to be and becoming soulful spiritual' - om ten volle menswees-lewe te ervaar en te word.

Die spirituele praktyke wat die mens-wees-wordingsreis bemagtig deur struktuur en proses te gee is eerstens die stap van bewuswording (Awareness). Gevolg deur Verwondering (Wonder), Andersheid (Otherness), Realiteit (Reality), Teenwoordigheid (Presence), en Oorgee (Surrender). Vir my was die lees, verstaan en ervaar van hierdie proses en insigte soos 'n lekker diep asemteug met 'n gemaklike uitasem en sug.

'n Uitstaan gedagte is - God wat my toetree verskuil in en deur my lewe - Immanuel! God met en in my. Daarom die uitnodiging om oor te gee - te Surrender - deur 'n volledige JA-sê postuur en houding in te neem en te ontvang. Hierdie ingesteldheid, proses en houding is die spiritualiteit van Soulful Spirituality - Becoming Fully Alive and Deeply Human.

Wium



Die boekklub het ook bymekaar gekom nadat hulle die vorige boek "Road less travelled" deur M. Scott Peck se boek gelees het.

Paar juwele wat genoem was:

'Hoe God na ons lewe kom met sy eerste woorde in die boek "Life is difficult"

Transformasie kan net deur onvoorwaardelike liefde (wat jy omtrent nêrens kry!) en lyding in ons lewe plaasvind.

Dit lyk of God dan geen ander uitweg het as om ons lewe ook in die Paas storie in te skryf. Lying vra na 'n dood en 'n opstanding.'

'Hoe dissipline en geloofsgewoontes kan lei na 'n gesonde geestestoestand'

'Hoe eerlikheid ons vryheid gee en hoe moeilik ons die 'wit leuens' kan raaksien'

'Beste pizza's ooit, Anna-lize!'

'Die rol wat genade in beraad en psigiatrie behoort te speel en die hoop wat dit kan bring.'

'Die antwoord op luiheid liefde. Luiheid beteken nie om niks te doen nie, maar om besig te wees met die verkeerde dinge. Liefde trek dit reg!'

Indien jy belangstel om aan te sluit by die boekklub, kontak gerus inviagemeente@gmail.com



DROOMWERK

Opkomende Droomgroep

Drome is 'n spontane simboliese ervaring wat ek in my innerlike wêreld beleef tydens my slaap. Daar is geen bewustelike beheer oor die beelde, aksies, gedagtes, woorde of gevoelens nie. Daar kan dalk sterk assosiasies wees met mense en plekke, maar ons beskik oor geen inligting oor die bron of bewustelike toegang wat ons tot drome het nie. Binne die Judeo-Christelike tradisies is daar geglo dat die bron God is. Dit is duidelik dat daar binne hierdie tradisies erns gemaak is om drome te verstaan en God se wil binne dit te soek. Vandaar die woord: "Droomwerk".

Daar is 'n Joodse gesegde wat sê: **"A dream unexamined is like a letter unopened"**, of anders gestel: Drome sonder droomwerk is onvoltooide drome. Indien dit wel 'n brief is wat God aan ons stuur, is dit soveel meer belangrik dat ons daardie brief belangrik ag, en dit lees!

Indien jy meer wil weet oor wat die proses behels kontak gerus inviagemeente@gmail.com of besoek www.invia.org.za/droomwerk

InVia is die afgelope 5 jaar passievol om hierdie briewe wat God gee te lees! Die Droomgroep skop weer af net na die skoolvakansie in Julie. Ons is ongelukkig hierdie jaar reeds voltallig en daar is 'n paar name wat reeds aangemeld het vir volgende jaar. Ons sal ontmoet op Maandae aande. Indien jy belangstel nooi ons jou om te begin met 'n 4-week proef-periode om vas te stel of jy met die reis wil voortgaan.

Daarna reis ons saam vir 4 maande en dan kan jy enige tyd uitval indien jy gemaklik voel om jou eie droomwerk te doen.

Theo



CONNECT GELEENTHEDE

SEISOENALE TEE

*Kom stap die seisoen in... en
raak bewus van die wysheid
en gawes van Winter.*

Dit was 'n helder herfs oggend in Mei waar vroue van verskillende generasies om 'n teetafel bymekaar gekom het. Dit was vir my 'n groot voorreg om te kon sien hoe 'n droom wat ek al 'n hele ruk in my hart saamdra, vorm aanneem. Dink net, die skatte van lewenservaring wat gedeel kan word wanneer die goue draad van vrouwees generasies saamsnoer. Saamwees het gemeng met die geure van potte losblaar tee wat bedien is.

Ons het saam besin oor die uitnodiging van die natuur om ons lewens ritmies ook in die vorm van siklusse en seisoene te sien. Elke fase het sy plek, en bied ook 'n skatkis van gawes. Siende dat die Winter voor die deur wag, het ons saam gesels oor die gawes van Winter (Potensiaal, Dapperheid en Wysheid) wat ons in tye van stilte, afwagting en kreatiwiteit kan ontgin. Daar was talle stories van oud en jonk oor hoe ons dit alreeds beleef het of nou bewus word van waarnatoe ons uitgenooi word.

Daar was soveel goeie intensies om die dag mee te begin, gawes, warm vuur stories, bemoediging, verwondering, saamlag en trane afvee.

Voorwaar 'n voorreg om te kon beleef.

Hilke



Ek was genooi om deel te wees van 'n sirkel om te reflekteer oor die seisoene- beginnende by: WINTER.

Ons was net 8... alle generasies... jong en oue insette, denke, wysheid. Dit was 'n blink helder sonskyn herfsdag met oordadige kleure van geel tot goud wat val... Vroegherfs... van van Wyk Louw. Die ' gasvrou'... die nuwe sekretaresse by Invia en het 'n besondere belangstelling in TEE.

Sy het 6 deurskynende teepotte gehad met allerhande interessante kombinasies van appel en gemmer en rooibos en kaneel... baie aromaties met bessies en gemmerkoekies en vol sonskyn op die rûe van ons op die stoep wat omsom word deur die Helderberg in die agtergrond en herfsbome.

'n Gedig is gelees... en dit het die spreekwoordelik die bal aan die rol gesit sodat almal hul insette kon gee oor die gedagte van winter, wat dit vir elk beteken. Dit was BAIE interessant - elkeen se belewenis en verwoording.

Vir ons in die Suidelike halfrond uiteraard (my opinie)... 'n héél ander ervaring as in die Noordelike halfrond en dan natuurlik 'waar jy jou bevind'... bedoelende, emosioneel, finansieel, psigies.

'As ek dit durf opsom, sou ek waag om te sê vir meeste is dit 'n tyd ook van 'stroping', stil word, terugtrek, donkerte.

Dit bring baie emosies na vore... reflekteer, 'hiberneer'. (Covid het ook nuwe 'laaie oopgetrek'.)

Maar: was die konklusie tog dat winter 'n groei tyd, herontdek tyd, bewondertyd, stilword tyd kan/behoort te wees...maar: (weereens my opinie), dis 'n besluit... en NIE altyd maklik nie... maar in die donker word 'ontdekkings' gedoen.



Dis amper jammer dat mens nie 'n 'opname' van elkeen se mededeling kon maak van die oggend nie... maar dit sou 'n demper op mense se spontane praat geplaas het omdat die oggend self sy loop geneem en bepaal het... en daarin lê die 'golden nuggets'... ek noem dit die vroue se 'wasklip prate'... soos net vroue, oop en bloot en weerloos met mekaar kan deel.

Die dink en praat het nie opgehou in my kop nie...

André-Louis

Wat ek die meeste van gehou het gedurende die voorbereiding en inleiding tot winter- sessie, was die feit dat daar 'n verskeidenheid van ouderdomme daar was. Dit het verseker die geleentheid gebied vir ons om bietjie in ander se skoene te klim en hul perspektief in te sien oor hoe almal winter ervaar. Ek het baie dankbaar gevoel dat ek tussen al die vrouens kon sit, van verskillende ouderdomme en om so openlik oor ons gevoelens en emosies te praat en deel oor wat winter vir ons beteken.

Ek is geïnspireer, gevul met nuwe hoop, en het 'n nuwe waardering vir hierdie winterseisoen gekry. Ek sien uit om te sien wat hierdie tyd van die jaar vir ons inhou. Ek kan met volle vertroue sê dat ek hierdie winter met nuwe skoene aanpak!

Carla



*The Journey
deur David Whyte*

"Sometimes with
the bones of the black
sticks left when the fire
has gone out
someone has written
something new
in the ashes of your life.

You are not leaving.
Even as the light fades quickly now,
you are arriving."

Ons sal weer volgende kwartaal so 'n geleentheid hê, om die seisoen van Lente te betree...
Kontak inviagemente@gmail.com om jou naam voorlopig op die lys te sit.

Kry jou in die Vallei...


“Ek noem dit sommer Bergskool 2.0” sê een van die tieners nou die dag. As jy nog nie weet nie – Vallei is InVia se hoërskoolbediening. Dis die plek waar ons agterkom **hoe God by ons is in ons gewone eet, drink, slaap, kuier-met-vriende-, skool-toe-gaan- en al-die-plekke-tussenin lewens** (om Romeine 12 in The Message te parafraseer). Dit voel dalk soms soos Bergskool 2.0, maar berge het nie software updates nodig nie. Die vallei en die berge is wel deel van dieselfde landskap. So dit maak sin om iets van Bergskool se wysheid in die Vallei ook saam te bring.

Ons kuier saam, leer ken mekaar en leer in goeie gesprekke by mekaar. Ons gesels eerlik oor geloof, wat ons opgewonde maak en wat ons uitdaag. Presies hoe die beste manier lyk om bymekaar te kom is ook iets wat ons nog ontdek. Ons het al balle geskop, tafeltennis gespeel en selfs honde probeer mak hou tydens stilgebed. Ons is sover baie oop vir verskillende maniere van doen, so kom maak 'n draai en dalk leer ons iets by jou ook.

Ek wil jou uitnoui met die woorde waarmee ons die afgelope tyd gewoonlik begin:

Welkom in die Vallei
mag God vir ons hier die rigting wys
mag God se kompas, kaart
en lantern ons begelei
om te sien waar ons is
en waarheen ons op pad is
sodat ons al hoe meer ontdek
hoe God vir ons wys wie ons regtig is

Jy't dalk al gehoor van die vis wat sy hele lewe lank in water swem. Eendag vang 'n voël hom, dra hom in die lug op en laat val hom weer. Vir die eerste keer besef die vis dan dat daar iets soos water is. Vallei is 'n uitnodiging om die vallei van jou gewone lewe ook raak te sien. Hoe meer ons dit kan raaksien, hoe meer kan ons daarin ook iets heilig beleef.



Kry jou in die Vallei...

groete Deon

Kids@InVia



Die afgelope kwartaal by Kids@Invia was niks minder as 'n wonderlike avontuur en ontdekkingsreis deur God se Woord nie.

Ons het hierdie kwartaal geleer oor God se beloftes uit die woord vir elkeen van ons. Ons ouer kinders het geleer oor verskillende emosies wat ons ervaar en hoe om dit te hanteer in ons alledaagse lewens en situasies.



Hierdie kwartaal sal nie dieselfde avontuur gewees het sonder enige van ons medewerkers en ouers nie.

En daarom wil ek gebruik maak van hierdie geleentheid om vir elkeen van hulle dankie te sê vir die liefde, tyd en omgee wat hulle in die bediening saai.

Elkeen van julle vorm so groot integrale deel van elke Sondag en julle insette en toewyding aan nie net die bediening nie, maar ook die kindertjies van Invia word opreg waardeer.

Julle maak Kids@InVia die avontuur en lekker wat dit huidiglik is.

Baie dankie vir elkeen van die medewerkers en baie dankie vir elke ouer wat hulle kind aan ons toevertrou om 'n inspraak in hulle te wees maar ook om hulle meer van God se Woord te kan leer.



KINDERBEDIENING

Ons het elke ouer
en medewerker
so nodig!



Hiermee wil ek ook graag enige ouer, oom, tannie, man en vrou, jonk of oud, nooi om deel te raak van ons bediening. As jy 'n hart en passie het vir kinders is hierdie die ideale plek vir jou.

'n Plek waar jy daardie passie kan uitleef en verder ontdek. Hier kan jy die geleentheid kry om saam met jou kind en ander kinders verhouding te bou en die pad te stap. Jy kan 'n verskil in 'n kind se lewe maak.



Indien jy belangstel of enige meer inligting nodig het, is jy welkom om Juzaan Schutte te kontak by juzaanschutte@gmail.com.

*baie groete
Juzaan*



AKSIE: DIE VILLAGE PROJEK

Invia is op 'n besonderse manier betrokke by Die Village projek. Ons het 'n persoonlike verbintenis tot Org en Yolande Van der Wath, wat in ons gemeente is en saam met wie ons op reis is.

Org en Yolande is geraak deur die geweldige probleem van groei-belemmering onder kinders in ons land en het die nie- winsgewende maatskappy Inani Startwell begin.

Hoekom nie-winsgewend?

Nie- winsgewend beteken dat wins weer ten volle in die maatskappy (en produk) geploeg word. Dit skakel die element van winsbejag uit wat baie keer in die pad staan van maatskappye om getrou te bly aan die kwaliteit bestanddele wat in 'n pap moet kom wat 'n kind werklik op vele vlakke sal voed en nie net 'n honger maag sal stil nie. Hul fabriek is enig in sy soort: die eerste kos fabriek in die wêreld wat op 'n nie-winsgewende model gebasseer is .



Daarom kos hierdie uiters voedsame produk slegs R2,30 per porsie

Deur die Village projek ondersteun InVia 3 kleuterskole en 'n totaal van 70 kinders.

Die pap is werklik lekker vertel Gina Matroos. Sy is hoof van die Oasis Family Fellowship en vertel van 'n seuntjie wat vir 'n paar dae siek was en by die huis moes bly. Hy het sy ma gesoebat om asb. by die kleuterskool vir hom pap te gaan kry, want dit is lekker en hy weet dit is goed vir hom.

In Kayamandi kan Zanele van Rising Education nie uitgepraat raak oor die holistiese impak van die pap op die kinders nie. Hulle groei, het 'n gesonde gelaat en leer vinnig. Baie van haar kinders bly in moeilike omstandighede waar ouers werkloos is, of enkel ouers is en daar min of geen geld is vir kos is nie.

As jy die projek wil ondersteun
kontak ons gerus by
inviagemeente@gmail.com
of besoek www.invia.org.za/aksie

AKSIE:

Vineyard Kinderhuise

Ons stel graag 2 matriekleerders wat in ons kinderhuise bly aan julle bekend. Ons is so trots op hulle dat hulle ten spyte van hul omstandighede, al so ver in hul skoolloopbaan kon vorder.

Q&A: Wie is Garnet?

Garnet Kabasele doen sy matriek by Calling Academy.

Watter vakke geniet jy?

Afrikaans, CAT en Besigheidstudie.

Watter werk wil jy eendag doen?

Ek wil graag 'n Immigrasie Prokureur word omdat ek ander op hierdie manier wil help.

Wat doen jy graag in jou vrye tyd?

Ek geniet dit om skaak te speel en om met mense te gesels oor die lewe.

Matriek is 'n groot jaar, wat is jou advies aan almal wat in Bergskool, Warriors en Valleï is:

Ek het twee dinge wat ek graag wil noem:

1. Gryp elke geleentheid met twee hande vas, want dit sal jou in die langtermyn help.
2. Jou verlede bepaal nie jou toekoms nie. Ek het 'n vriend op skool wat my gereeld hieraan herinner. Daar is tye wat ek oorweldig voel en wil opgee en dan kom motiveer hy my om eerder vorentoe te kyk na wat ek eendag wil bereik.



Q&A: Wie is Levern?

Levern Booyesen is in Cloetesville Hoërskool

Watter vakke geniet jy?

Verbruikerstudie en Toerisme

Watter werk wil jy eendag doen?

Ek wil graag 'n sjef op 'n passasierskip wees.

Wat doen jy graag in jou vrye tyd?

Ek geniet kosmaak en kook gereeld vir ons in die huis aandete.



Matriek is 'n groot jaar, wat is jou advies aan almal wat in Bergskool, Warriors en Valleï is:

As mens in Gr8 is, dan is jy baie opgewonde oor hoërskool, dan raak dinge moeiliker en die druk raak meer en mens voel sommer asof jy wil opgee. As daardie tye kom, moenie opgee nie, jy moet "push" sodat jy daardeur kan kom. Wat my help om deur te druk is dat ek myself aan my doelwitte herinner, jy moenie bang wees om kanse te vat nie, jy moet deurdruk.

Watter voor?

Garnet en Levern is ook die begunstiges van ons Matriekafskeid projek.

Baie dankie vir die hulp wat ons reeds ontvang het om elkeen se matriekafskeid 'n spesiale aand te maak.

Ons het nog behoefte vir die borg van Levern se hare afspraak, 'n fotograaf vir Garnet en is op soek na 2 karre waarin hulle by die matriekafskeid kan arriveer.

Indien jy voel jy wil hier 'n verskil maak, kontak asseblief vir Hilke by inviagemente@gmail.com


FINANSIËLE VERSLAG:

InVia Junie 2022

Ons lewer graag verslag oor die verloop van finansies gedurende die eerste 5 maande van 2022. Na 'n bo-verwagde goeie 2020, gegewe die pandemie, was 2021 se inkomste vir die eerste 5 maande van 2021, 4% laer as in 2020. Dit begin egter lyk asof 2022 ook 'n relatief moeilike finansiële jaar vir InVia kan wees. Die finansiële gesondheid van die kerk word bepaal deur die groei in maandelikse bydraes (in blou hieronder). Beide die toename in aantal mense wat bydraes maak, asook die gemiddelde bedrag is belangrik om dop te hou.

Dit begin duidelik word dat die aantal mense/gesinne wat maandelikse bydraes maak begin verminder het vergelyke met 2021. Gedurende 2021 was daar 38 gemeentede wat op 'n gereelde maandelikse basis bydraes gemaak het tot InVia, die getal is tans 35. Die gemiddelde bedrag is egter grootliks staties van 2021 tot 2022. Maandelikse bydraes is tans 3% laer as laasjaar asook 7% laer as die begroting. Kollekte is egter hoër as wat verwag was, grootliks toegeskryf aan die toename in in-persoon dienste.

InVia Inkomste - Jan tot Mei



Gegewe die huidige
ekonomiese klimaat is
InVia baie dankbaar
teenoor al die
gemeente-lede wat
InVia finansieel
ondersteun.

Soos altyd, onderneem die finansiële
komitee om deursigtig te wees en om
gereeld terugvoer aan die gemeente te
gee.

Ons moedig gemeentelede aan om
met ons te kom gesels as hulle meer
omtrent die finansies van die kerk wou
weet.

Coer Booysse
Hoof: Finanskomitee

Jou ondersteuning maak
hierdie reis moontlik!

Hier volg ons inligting om 'n
bydrae te maak:

Verwysing: Stellenbosch
BANKBESONDERHEDE:

Bank: ABSA Tjekrekening
No: 9277 510 340



DATUMS VIR 2022:

Kwartaal 3

JULIE

23 Viridis Adulting Heart, Mind & Soul Proses dag
31 Viridis piekniek (Blaauwklippen)

AUGUSTUS

4 Berskool fasiliteerders opleiding
6&7 Enneagram 1.0
12-14 Vroue retreat
14 Bergskool en Warriors
16 Viridis Konnekt sessie 1
18-21 Viridis Adulting
Onderskeidingstydperk
22 Wyse Gryses
23-25 Enneagram 1.0 Midweek
23 Viridis Konnekt sessie 2
28 Virridis piekniek (Blaauwklippen)
30 Viridis Konnekt sessie 3

SEPTEMBER

1-4 Wyse Gryses Onderskeidingstydperk
6 Virridis Konnekt sessie 4
10&11 Enneagram 1.0 Deel 2
18 Bergskool en Warriors
20-22 Enneagram Midweek Deel 2

 invia stellenbosch

 inviastellenbosch

 invia gemeente

 invia gemeente

In PERSOON DIENSTE:
Elke Sondag 10:00
Protea Hotel Techno Park

IN GEMEEN:
ELKE SONDAG 8:30
OP YOUTUBE

Podcast of preek ook
besikbaar op ons webblad
en Soundcloud.

www.invia.org.za | inviagemeente@gmail.com

